
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# JUNIE 2025

# GESKIEDENIS V1 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 24 bladsye.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1. **BRONGEBASEERDE VRAE**

1.1 **Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:**

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGSTOEKENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| VLAK 1 | • Onttrek inligting uit bronne.<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne.<br>• Definieër historiese begrippe/terme. | 30% (14) |
| VLAK 2 | • Interpretasie van bewyse uit bronne.<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne.<br>• Analiseer bewyse uit bronne. | 40% (20) |
| VLAK 3 | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne.<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel.<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings. | 30% (16) |

1.2 **Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om ’n standpunt in te neem in die beantwoording van ‘tot watter mate’ vrae om enige punte te verdien.

1.3 **Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae**

- Gebruik ’n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓ ✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓)
- Indien ’n vraag 4 punte tel word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer ŉ antwoord op ŉ paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas ŉ kolpunt ( . ) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.
- Maak regmerkies (√) wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee ŉ kort kommentaar bv.

____________ . ______________________________ .
____________________ ____________________ .
______________________________ . ____________

√√√√ Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt aan die regterkantse onderste kantlyn bv.

32/50

- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op ŉ logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om ŉ redelike reeks feite of ŉ effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat ŉ opstel ŉ inleiding, ŉ samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en ŉ slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by ŉ spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by ŉ riglyn vir nasien van ŉ spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir *enige ander relevante antwoord*.

 SA EXAM PAPERS Proudly South African 

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.3 **Globale assessering van die opstel**

Die opstel skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om 'n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument.
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

2.4 **Assesseringsprosedures vir die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt ("bullet") in die nasienriglyn), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is (ook aangedui deur 'n kolpunt in die nasienriglyn) en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt in die nasienriglyn/memorandum) bv. 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies is.

2.4.3 Hou die **PEEL-struktuur** in gedagte by die assessering van opstel.

| | |
|---|---|
| **P** | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met 'n argument / 'n duidelike hoofpunt. |
| **E** | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is (argument). |
| **E** | **Voorbeeld**: Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om die argument vol te hou. |
| **L** | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.4.4 Die volgende simbole MOET in die assessering van die opstel gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling ___________________
- Irrelevante stelling |
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie I√
- Argument LOA ↕

2.5 **Die matriks**

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle.

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van ŉ opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. ŉ Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is en om die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding**.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken ŉ algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

**KOMMENTAAR**
Sommige weglatings in inhoudsdekking.
Toon soms bewys van ŉ gestruktureerde en beplande argument.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## NASIENMATRIKS VIR OPSTEL: TOTAAL: 50

| AANBIEDENING → <br> INHOUD ↓ | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| ***VLAK 7*** Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| ***VLAK 6*** Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| ***VLAK 5*** Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| ***VLAK 4*** Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| ***VLAK 3*** Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings.. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| ***VLAK 2*** Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| ***VLAK 1**** Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud.. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

***Riglyne vir die toekenning vir punte vir Vlak 1:**

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie= 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; effense poging om die opstel te struktureer= 7–13

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: HOE HET DIE VSA PROBEER OM DIE VERSPREIDING VAN KOMMUNISME IN EUROPA IN DIE 1940's TE STUIT?

1.1 1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- 'Sy siening oor die Sowjetunie se bedoelings en gedrag.'

(1 x 2) (2)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- 'Om die waargenome bedreiging wat deur Sowjet-ekspanionisme ingehou word, teë te werk.' (1 x 2) (2)

1.1.3 *[Definisie van 'n historiese konsep uit Bron 1A – V2]*

- Verenigde State beleid om die verpreiding van kommunisme te keer/stop.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*

- Kennan wou 'n oorlog tussen die VSA en die Sowjetunie vermy.
- VSA wou nie as die aggressor gesien word nie/VSA wou vrede handhaaf waar moontlik.
- Enige ander relevante antwoord. (enige 1 x 2) (2)

1.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*

- VSA het kapitalisme gebruik wat die teenoorgestelde van kommunisme was.
- VSA het die Domino-effek gevrees / die verspreiding van kommunisme gevrees
- VSA wou die Koue Oorlog-kompetisie wen.
- Enige ander relevante antwoord. (enige 2 x 2) (4)

1.2 1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*

- 'Griekeland'
- 'Turkye' (2 x 1) (2)

1.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*

- 'die detail van Amerikaanse burgerlike en militêre personeel na Griekeland en Turkye.'
- 'die onderrig en opleiding van geselekteerde Griekse en Turkse personeel.'
- 'owerheid wat die spoedigste en doeltreffendste aanwending van sodanige fondse sal toelaat as wat gemagtig mag word.'

(enige 2 x 1) (2)

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*

- As Griekeland in die hande van die kommuniste val, sal dieselfde met Turkye gebeur.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Arm lande val maklik in die hande van die kommuniste.
- Lande met swak ekonomieë is nie in staat om die kommunistiese oorname te beveg nie.
- Enige ander relevante antwoord. (enige 1 x 2) (2)

1.2.5 *[Vasstelling van Betroubaarheid van Bron 1B – V3]*
**Die bron is betroubaar omdat:**
- Dit ŉ primêre bron is – dit is uittreksel uit ŉ toespraaak wat President Harry Truman in 1947 gemaak het.
- Die bron toon aan hoe die die Truman-leerstelling in Europa geïmplementeer is.
- Die feit dat Turkye en Griekeland finansiële hulp van die VSA gekry het, word deur Bron 1D bevestig.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

1.3 1.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- 'het dollars aan Europese lande gegee wat kontantloos was.'
- 'het ook die kwessie van sekuriteit aangespreek.' (2 x 1) (2)

1.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron1C – V1]*
- 'Italië'
- 'Frankryk' (2 x 1) (2)

1.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Die Sowjetunie het geglo dat die VSA sy dollars gebruik om kapitalisme te versprei.
- Lande met swak ekonomieë is deur die kommuniste geteiken.
- Enige ander relevante antwoord. (enige 1 x 2) (2)

1.3.4 *[Definisie van* ŉ *historiese konsep uit Bron 1C – V1]*
- ŉ Stelsel waar die hulpbronne deur die staat beheer word.
- ŉ Stelsel gebaseer op klaslose samelewing.
- Enige ander relevante antwoord. (enige 1 x 2) (2)

1.4 1.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*
- Die VSA het finansiële ondersteuning aan Griekeland en Turkye verskaf.
- Die VSA het ŉ nuwe buitelandse beleid gedurende die Koue Oorlog bekend gestel.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

1.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*
- VSA het beleide ingestel om die verspreiding van kommunisme in Europa te beperk.
- Die Truman-leerstelling het fondse verskaf om Griekeland en Turkye teen die kommunistiese bedreiging te ondersteun.
- Enige ander relevante antwoord. (enige 1 x 2) (2)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.5 *[Vergelyking van bewyse uit Bronne 1B en 1D om vas te stel hoe hulle mekaar ondersteun – V3]*
- Beide bronne dui aan dat die Truman-leerstelling bekend gestel is.
- Beide bronne dui aan dat Griekeland en Turkye finansiële bystand van die VSA ontvang het.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:
- Na die Tweede Wêreldoorlog het ŉ Koue Oorlog-kompetisie tussen die VSA en die USSR ontwikkel. (eie kennis)
- VSA het gevrees dat indien een land die prooi van kommunisme sou word, hul bure hul voorbeeld sou volg. (eie kennis)
- Kennan het die Long Telegram geskryf waarin hy die gebruik van die inperkingsbeleid teen die verspreiding van kommunisme voorstel. (Bron 1A)
- Die Truman-leerstelling het lande bygestaan wat deur kommunistiese oorname bedreig is. (Bron 1B)
- Lande is bygestaan met geld, voorrade, militêre ondersteuning en opleiding. (Bron 1B)
- Griekeland en Turkye het bystand van die VSA ontvang om hulle teen kommunisme te beskerm. (Bron 1B)
- VSA het geglo dat arm lande maklik die prooi van kommunisme was. (Bron 1B)
- Die Marshall-plan het lande bygestaan wie se ekonomieë deur die Tweede Wêreldoorlog vernietig is. (Bron 1C)
- Die Marshall-plan was beskikbaar vir alle Europese lande. (Bron 1C)
- Die Marshall-plan was bedoel om kommunistiese aggressie af te weer. (Bron 1C)
- Die Sowjetunie en sy satellietstate het die Marshall-plan verwerp. (Bron 1C)
- Wes-Europese lande soos Italië, Frankryk en Duitsland het by die Marshall-plan baat gevind. (Bron 1C)
- Die Marshall-plan is gesien as ŉ bepalende oomblik in die Koue Oorlog. (Bron 1C)
- Baie Europese lande het aan die plan deelgeneem en na kapitalisme geleun. (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord. (8)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



Gebruik die volgende rubriek om die paragraaf te assesseer:

| | KRITERIA | PUNTE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ŉ baie elementêre wyse bv., toon min of geen begrip **van hoe die VSA die verspreiding van kommunisme in Europa in die 1940's probeer stuit het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ŉ paragraaf skryf nie. | **0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp bv., toon ŉ bietjie begrip **van hoe die VSA die verspreiding van kommunisme in Europa in die 1940's probeer stuit het.**<br>• Gebruik bewyse op ŉ baie basiese manier om ŉ paragraaf te skryf. | **3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv., toon ŉ deeglike begrip **van hoe die VSA die verspreiding van kommunisme in Europa in die 1940's probeer stuit het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **6–8** |

(8)
**[50]**

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 2: WATTER FAKTORE HET TOT DIE UITBREEK VAN DIE BURGEROORLOG IN ANGOLA IN 1975 BYGEDRA?

2.1 2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- 'Holden Roberto'
- 'Agostinho Neto'
- 'Jonas Savimbi' (3 x 1) (3)

2.1.2 *[*Onttrekking van bewyse uit Bron *2A – V1]*
- '11 November 1975' (1 x 1) (1)

2.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Om deel te wees van die koalisieregering wat Angola administreer.
- Portugal sal 'n leër van 24 000-manne in Angola behou. (2 x 1) (2)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Om oorlog tussen die nasionalistiese groepe te voorkom.
- Om vertroue tussen die groepe te bou sodat hulle kan saamwerk.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

2.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Toe die koalisieregering oorgeneem het, het die nasionalistiese groepe verskillende sienings gehad oor hoe om Angola te regeer.
- Elkeen van die DRIE nasionalistiese groepe het gevoel hulle is beter geposisioneer/geplaas om die land te regeer.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- "n Oorlog tussen twee of meer groepe wat in een land om mag meeding
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

2.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- 'het dit gesien as die minste Marxistiese van die drie.' (1 x 2) (2)

2.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*
- Elke land wou hê Angola moet hul ideologie gebruik.
- Die Nasionalistiese groepe het hulp van die buiteland gevra.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

2.2.4 *[Bepaal die bruikbaarheid van Bron 2B – V3]*
**Die bron is BRUIKBAAR omdat:**
- Dit uit 'n boek is, Africa since 1940, geskryf deur Frederick Cooper.
- Dit gee inligting oor die ondersteuning wat buitelandse lande aan die Angolese nasionalis, gee.
- Die bron verduidelik die rolle wat die DRIE verskillende nasionalistiese bewegings gespeel het.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)


SA EXAM PAPERS Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.3 2.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Om te wys hoe die betrokkenheid van die buiteland by die Angolese Burgeroorlog dit vererger het.
- Om te wys dat Kuba die MPLA tydens die burgeroorlog bygestaan het.
- Enige ander relevante antwoord. (enige 1 x 2) (2)

2.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- MPLA het ekonomiese en finansiële ondersteuning ontvang.
- MPLA was instaat om die oorlog te wen.
- Enige ander relevante antwoord. (enige 1 x 2) (2)

2.4 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 2B en Bron 2C om ooreenkomste vas te stel – V3]*
- Beide bronne dui aan dat 'n burgeroorlog in Angola begin het.
- Beide bronne dui aan dat Kuba die MPLA tydens die burgeroorlog ondersteun het.
- Bron 2B meld dat die MPLA deur Kubaanse troepe bygestaan is. Bron 2C wys Kubaanse troepe wat die MPLA bystaan.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

2.5 2.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*
- Kuba
- Sowjetunie (2 x 1) (2)

2.5.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*
- Die CIA en Verenigde State wat belowe het om ons te help, het nie hul beloftes nagekom nie. (1 x 2) (2)

2.5.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- Hy het verwag dat meer geweld in Angola sou uitbreek.
- Hy wou hê hulle moes veilig wees.
- Aangesien hulle guerrilla-oorlogvoering aangeneem het, sou hulle nie mense hê om vir hulle te sorg nie.
- Enige ander relevante antwoord. (enige 1 x 2) (2)

2.5.4 *[Verduideliking van historiese konsep uit Bron 2D – V2]*
- UNITA gaan 'n tref-en-trap-taktiek tydens die burgeroorlog gebruik. (1 x 2) (2)

2.5.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- Zambië het UNITA tydens die burgeroorlog bygestaan.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese uit relevante bronne – V3]*

- Portugese koloniale ryk het in 1974 in duie gestort. (eie kennis)
- Die Portugese het in November 1975 van Angola onttrek sonder om formeel mag aan enige beweging oor te gee. (eie kennis)
- Die Alvor Ooreenkoms is deur die leiers van die belangrikste bevrydingsbewegings onderteken. (Bron 2A)
- Die DRIE nasionalistiese bewegings sou ŉ oorgangsregering vorm. (Bron 2A)
- Daar is ooreengekom om militêre posisies te vries om vrede te probeer handhaaf. (Bron 2A)
- Op 31 Januarie 1975 het die oorgangsregering die amp aanvaar alhoewel daar wantroue was. (Bron 2A)
- Die nasionaliste het nie saamgewerk nie en die burgeroorlog het begin. (Bron 2B)
- Buitelandse lande het die verskillende bevrydingsbewegings ondersteun en sodoende die oorlog geëskaleer / versnel. (Bron 2B)
- Die eerste ronde van die oorlog was deur die MPLA gewen wat deur Kuba ondersteun is. (Bron 2B)
- MPLA het meer belangstelling in sosialisme getoon. (eie kennis)
- Die Angolese Burgeroorlog het die Koue Oorlog-brandpunt geword. (eie kennis)
- Na terugslae in die oorlog het UNITA besluit om guerrilla-oorlogvoering te gebruik. (Bron 2D)
- Zambië het voortgegaan om UNITA te ondersteun. (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord. (8)

Gebruik die volgende rubriek om ŉ punt toe te ken:

| | KRITERIA | PUNTE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ŉ baie elementêre wyse bv., toon min of geen begrip van **watter faktore tot die uitbreek van die burgeroorlog in Angola in 1975 bygedra het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp verslag te doen of kan nie oor die onderwerp verslag doen nie. | **0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp bv., toon ŉ bietjie begrip **van watter faktore tot die uitbreek van die burgeroorlog in Angola in 1975 bygedra het.**<br>• Gebruik bewyse op ŉ baie basiese manier om ŉ paragraaf te skryf. | **3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. demonstreer ŉ deeglike begrip van **watter faktore tot die uitbreek van die burgeroorlog in Angola in 1975 bygedra het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **6–8** |

(8)
**[50]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 3: WATTER UITDAGINGS HET DIE LITTLE ROCK NEGE TYDENS DIE INTEGRASIE VAN *CENTRAL HIGH SCHOOL* IN 1957 ERVAAR?**

3.1 3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- 'Hy het inligting ontvang dat karavane (vloot) van motors gevul met wit oppergesagte (rassiste) van regoor die staat, na Little Rock oppad was.' (1 x 2) (2)

3.1.2 *[Definisie van 'n historiese term uit Bron 3A – V1]*
- Nege Afro-Amerikaanse student wat vrywillig aangemeld het vir integrasie by *Central High*. (1 x 2) (2)

3.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- '… om te kyk na die ongelooflike skouspel (toneel) van 'n leë skoolgebou omring deur 250 Nasionale Wag-troepe' (1 x 2) (2)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*
- Die wit segregasioniste sal die Little Rock Nege aanval as hulle by *Central High* probeer skool gaan.
- Geweld kan tussen die blankes en die Afro-Amerikaners by *Central High* uitbreek.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

3.1.5 *[Bepaling van beperkinge van Bron 3A – V3]*
- Dit is net die eensydige siening van Daisy Bates.
- Dit is bevooroordeeld teen Faubus omdat Daisy Bates die president van die NAACP was.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

3.2 3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- 'Agt het saam aangekom, bestuur deur Daisy Bates.'
- '… Eckford het alleen opgedaag.' (2 x 1) (2)

3.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- 'deur 'n woedende skare van ongeveer 1 000 wit betogers, 'buite bymekaargekom het.' (1 x 2) (2)

3.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*
- Hulle het die bevele van die goewerneur gevolg.
- Hulle was gekant teen integrasie.
- Enige ander relevante antwoord. (enige 1 x 2) (2)

3.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*
- Om die grondwet van die VSA af te dwing.
- Om te verhoed dat geweld in Little Rock toeneem.
- Sodat integrasie glad kan plaasvind.
- Enige ander relevante antwoord. (enige 1 x 2) (2)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.3 3.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*
- Skare van segregasioniste wat Elizabeth Eckford teister.
- Wit gepeupel probeer integrasie by *Central High* stop.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

3.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*
- Om die lot van die Swart Amerikaners in Little Rock uit te lig.
- Om die federale regering te dwing om integrasie af te dwing.
- Enige ander relevante antwoord. (enige 1 x 2) (2)

3.4 3.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*
- ''n See van woedende gesigte gesien.'
- ''n Spottende gepeupel het haar pad versper.' (2 x 1) (2)

3.4.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*
- 'Eckford was een van nege student wat vrywillig aangebied het om een van die eerste Afro-Amerikaners te wees wat *Central High* sou bywoon.' (1 x 2) (2)

3.4.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*
- Die gepeupel wou Elizabeth Eckford ophang.
- Segregasielede was bereid om dood te maak om integrasie te voorkom. (enige 1 x 2) (2)

3.4.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*
- Sy het integrasie ondersteun.
- Sy het Elizabeth Eckford jammer gekry.
- Enige ander relevante antwoord. (enige 1 x 2) (2)

3.4.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*
- Binnekort sou *Central High* geïntegreer word.
- Uiteindelik sal die grondwet afgedwing word.
- Enige ander relevante antwoord. (enige 1 x 2) (2)

3.5 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 3B en Bron 3C om ooreenkomste vas te stel – V3]*
- Beide bronne dui aan dat Elizabeth Eckford vir die eerste dag op skool na *Central High* gegaan het.
- Beide bronne dui aan dat die segregasioniste Elizabeth Eckford verhinder het om *Central High School* te betree.
- Beide bronne dui aan dat die Nasionale Wag Elizabeth Eckford verhinder het om *Central High* te betree.
- Enige ander relevante antwoord. (enige 2 x 2) (4)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese uit relevante bronne – V3]*

- In 1954 het die Amerikaanse Hooggeregshof in die *Brown vs Board of Education* beslis dat gesegregeerde skole inherent ongelyk is. (eie kennis)
- Nege Afro-Amerikaanse studente het in 1957 by *Central High* ingeskryf. (eie kennis)
- Goewerneur Faubus het die Nasionale Wag beveel om te verhoed dat die Little Rock Nege *Central High* binnegaan. (Bron 3A)
- Faubus het gesê bloed sal in die strate loop as Afro-Amerikaanse studente by *Central High* geïntegreer word. (Bron 3A)
- Op 3 September het die Nasionale Wag die Little Rock Nege verhoed om *Central High* binne te gaan. (Bron 3A)
- Die ouers van die Afro-Amerikaanse studente was bang en verward oor die houding van Faubus. (Bron 3A)
- Op die eerste skooldag het Daisy Bates agt van die Little Rock-Nege na *Central High* gebring. (Bron 3B)
- Elizabeth Eckford het alleen opgedaag omdat sy nie ŉ telefoon gehad het nie, sy het nie die boodskap gekry om die ander te ontmoet nie. (Bron 3B)
- Toe sy by die skool aankom, is sy deur ŉ groep woedende segregasioniste ontmoet. (Bron 3B)
- Die Nasionale Wag het haar toegang tot die skool geweier. (Bron 3B)
- Federale Regter Davies het die verwydering van die Nasionale Wag vanaf *Central High* beveel. (Bron 3 B)
- President Eisenhower het die 101$^{ste}$ lugatransport-divisie beveel om oor te neem en die Afro-Amerikaanse student teen die gepeupel te beskerm. (Bron 3B)
- Op 4 September is Elizabeth Eckford deur die woedende gepeupel bespot en uitgejou. (Bron 3D)
- Die woedende gepeupel wou haar met ŉ tou ophang. (Bron 3D)
- Grace Lorch het Elizabeth Eckford van die woedende gepeupel gered. (Bron 3D)
- Enige ander relevante antwoord. (8)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



Gebruik die volgende rubriek om ŉ punt toe te ken:

| | KRITERIA | PUNTE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Kan nie bewyse onttrek of onttrek bewyse van die bronne op ŉ baie elementêre manier bv. **toon min of geen begrip van die uitdagings wat die Little Rock Nege ervaar het tydens die integrasie van die Little Rock Nege by *Central High School* in 1957.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor onderwerp verslag te doen of kan nie oor onderwerp verslag doen nie. | **0–2** |
| **VLAK 2** | • Onttrek bewyse uit die bronne wat meestal relevant is en hou grootliks verband met die onderwerp bv. **toon ŉ bietjie begrip van die uitdagings wat die Little Rock Nege ervaar het tydens die integrasie van die Little Rock Nege by *Central High School* in 1957.**<br>• Gebruik bewyse op ŉ baie basiese manier. | **3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse van bronne baie eggektief in ŉ georganiseerde paragraaf wat begrip toon van die onderwerp bv. toon ŉ deeglike begrip **van die uitdagings wat die Little Rock Nege ervaar het tydens die integrasie van die Little Rock Nege by *Central High School* in 1957.**<br>• Gebruik die bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **6–8** |

(8)
**[50]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING B: OPSTELVRAE

### VRAAG 4: DIE UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik.]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet verduidelik of hulle saamstem of nie saamstem dat die taktieke wat die VSA teen die Viëtnam gebruik het kon help om die Viëtkong tydens die Viëtnamese oorlog te verslaan nie. Deur met die stelling saam te stem, moet hulle verduidelik hoe die taktieke misluk het. Indien die kandidate nie met die stelling saamstem nie, moet hulle hul argument met relevante historiese bewyse staaf.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoorde insluit:

Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem of hulle met die stelling saamstem of nie saamstem dat die taktieke wat deur die VSA teen die Viëtkong gebruik is, nie die Viëtkong tydens die Viëtnamese-oorlog kon verslaan nie. Hulle moet ook 'n uiteensetting gee van hoe hulle hul argument sal ondersteun.

**UITBREIDING:**

Fokus op die strategieë wat deur beide die VSA en die Viëtkong gebruik is.

- Toestande onmiddellik voor die oorlog
- Die verdeling van Viëtnam en die vorming van die Viëtkong
- Redes vir VSA-betrokkenheid: inperking en domino-teorie
- VSA se eerste ingryping in Suid-Viëtnam was om tussen 1957 en 1965 wapens en militêre raadgewers te stuur – eerste fase teen die Viëtkong (Viëtnamese kommunis)
- Ho Chi Mihn-roete is deur die Viëtmihn (kommunistiese guerrillas van Noord-Viëtnam) om die Viëtkong te ondersteun – gehelp om die Viëtkong van voedsel en wapens te voorsien
- VSA het hulpbronne gebruik om die "Safe Villages" (Veilige Dorpies)-beleid / Hamlet-strategie / Villagisering in te voer – probeer om guerilla's van dorpenaars te isoleer / skei (1963)
- Veilge dorpsbeleid het misluk omdat die Viëtkong in dorpe bedrywing was
- Die Golf van Tonkin-voorval en resolusie (1964)
- Die VSA het op moderne tegnologie staatgemaak vir 'n konvensionele oorlog
- VSA het op 8 Maart 1965 3 500 mariniers en grondtroepe na Viëtnam gestuur / konvensionele strategie is verwar deur guerrilla taktieke
- Operasie Ranch Hand (1962–1971) – gebruik van chemiese ontblaarmiddels (Agent Orange om die woud te vernietig) en Agent Blue (om die landbou-produksie en voedsel te vernietig om die Viëtkong te verswak)
- Gebruik van chemiese wapens het die VSA ongewild gemaak, en baie lande het die VSA veroordeel
- President Johnson het Operation Rolling Thunder (Operasie Rollende Donderweer) in Maart 1965 bekendgestel met die hoop om die Viëtkong binne 'n kwessie van weke uit te skakel.

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



- Guerilla-oorlogvoering deur die Viëtmihn en Viëtkong (moeilik om die guerrillas van dorpenaars te skei – boere/kleinboere)
- Viëtkong het met die Tet Offensief (1968) gereageer – suksesvolle verrassingsaanvalle op 100 stede wat deur die VSA beheer word
- Aantal Amerikaanse soldate wat gedood is, het tot anti-oorlog-demonstrasies gelei
- Hoog effektiewe gebruik van guerrilla-taktieke deur die Viëtkong
- VSA het jong en onervare soldate na Viëtnam gestuur – moderne wapens kon nie help nie weens onervarenheid van VSA-soldate
- VSA het moderne wapens gebruik vir soek-en-vernietigingsmissies (My Lai-slagting) om die dorpe te vernietig wat deur die Viëtkong ondersteun is
- Dit het tot groot getalle burgerlike sterftes gelei – wat vir meer steun vir die Viëtkong gevra het
- VSA gruweldade en My Lai-slagting (Maart 1968) het die openbare mening teen die oorlog gedraai
- Noord-Viëtnam het militêre ondersteuning van die USSR en Sjina ontvang sodat die Viëtmihn en Viëtkong ook toegang tot sommige moderne wapens gehad het
- Guerilla-oorlogvoering is doeltreffend deur die Viëtkong gebruik, ondersteun deur die Viëtmihn uit die noorde en het taktieke soos valstrikke, ondergrondse tonnels, tref-en-trap, sabotasie gebruik
- Die Viëtkong het sy steunbasis as gevolg van die taktieke wat teen die VSA-soldate gebruik is, vergroot
- Die Viëtnamese was verenig in die verdediging van hul land
- Viëtnamisering: President Nixon het met die beleid van strategiese onttrekking uit Viëtnam vorendag gekom. Ook genoem WHAM (Winning the Hearts and Minds of the Vietnamese) dui op die mislukking van die VSA om Viëtnam te keer om 'n kommunistiese staat te word en die daaropvolgende onttrekking.
- VSA het alle troepe teen 1973 onttrek (President Nixon het die Parys Vredesooreenkoms op 27 Januarie 1973 onderteken) – wat die VSA se betrokkenheid by die Viëtnam-oorlog beëindig het
- Noord-Viëtnam het beheer van Saigon in 1975 geneem
- Die gees van veg en die verdediging van hulle land het geboorte gegee aan vasberadenheid wat geseëvier het oor moderne wapens wat deur die VSA gebruik was.
- Viëtnam is onder kommunistiese beheer verenig
- Enige ander relevante antwoord

- Gevolgtrekking: Kandidate moet hul argumente met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: UITDAGINGS WAT KONGO NA ONAFHAKLIKHEID IN DIE GESIG GESTAAR HET**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik.]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet krities bespreek of Mobutu Sese Seko se politieke en ekonomiese beleide wat ingestel was in nuut onafhanklike Kongo in die 1960's deur al die Kongolese verwelkom is. Hulle moet hul argument met bewyse ondersteun.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem deur krities te bespreek of Mobutu Sese Seko se politieke en ekonomiese beleide wat ingestel was in nuut onafhanklike Kongo in die vroeë 1960's wat deur al die Kongolese verwelkom is. Hulle moet ook 'n uiteensetting gee van hoe hulle hul argument sal ondersteun.

**UITBREIDING:**
**Politieke Beleide**
- Koloniale erfenisse: (as agtergrond inligting)
  - Paternalisme – Kongolese is soos kinders behandel – met geen verantwoordelikheid met betrekking tot die administrasie of verteenwoordiging in die regering nie
  - België het nie vir die behoorlike oorgang en oorname van nuwe leierskap voorberei nie
- Kongo het op 30 Junie 1960 onafhanklik geraak met Joseph Kasavubu as president en Patrice Lumumba as eerste minister
- Kasavubu het verkies dat Kongo 'n federale staat moet wees terwyl Patrice Lumumba vir 'n sterk gesentraliseerde nasionale regering was/Lumumba was ook in konflik met Moise Tshombe
- Die nuwe onafhanklike Kongo het met baie politieke onstabiliteit begin, bv. Tshombe wat gefokus het op afskeiding van Katanga vir sy eie onafhanklikheid – 'n teken vir die behoefte aan sterk politieke beleide
- Mobutu het in 1965 mag by Kasavubu oorgeneem deur 'n staatsgreep (ambisieus)
- Hy pas outoritarisme toe om politieke stabiliteit te bewerkstellig
- In 1967 het Mobutu daarin geslaag om die Katanga-rebellie te stop en sy land 'n nuwe grondwet gegee as 'n eenpartystaat onder sy party, die Popular Movement for the Revolution (MPR)
- Kongo het 'n eenpartystaat binne die eerste vyf jaar geword nadat hy onafhanklikheid verkry het met alle opposisie onderdruk (outoritêr) – nie deur die Kongolese verwelkom nie
- Mobutu het 'n persoonlikheidskultus (Mobutuisme) (swak leierskap) ontwikkel – selfgesenteerde leerlingskap – wat nie deur die Kongolese verwelkom word nie.
- Mobutuisme het die Kongo 'n outokratiese staat onder homself gemaak as militêre diktator (swak leierskap) – nie deur die Kongolese verwelkom nie.

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



- Hy is deur die VSA ondersteun omdat hy gesien is as 'n anti-kommunistiese bondgenoot – voortgesette koloniale denominasie.
- Hy het 'n sterk gesentraliseerde regering geskep en alle aanstellings, bevorderings en die toekenning van staatsinkomste beheer – wat gelei het tot nepotisme – wat nie deur die Kongolese verwelkom is nie.
- Hy het 'n beleid van Zaïrenasie ingestel, 'n beleid wat geskoolde buitelanders of diegene wat strategiese bestuursposisies beklee vervang met die ongeskoolde plaaslike inwoners – wat tot wanadministrasie en wanbestuur in politieke leiersrolle gelei het.
- Enige ander relevante antwoord

**Ekonomiese beleide**
- Koloniale nalatenskappe: (as agtergrond inligting)
  - Uitbuiting – Belgiese welvaart gebaseer op ontginning van katoen; rubberplantasies; en myne (koper, tin en diamant) deur koloniale maatskappye; winste uit minerale (myne) gebaseer op uitbuiting van Kongolese werkers
  - By onafhanklikheid is Kongo as die welvarendste beskou, maar met die ekonomiese rykdom wat deur buitelandse eienaars besit word
- Mobutu erf 'n kapitalistiese ekonomie (van België)
- Ekonomie was in die hande van wit setlaars en buitelanders
- 'n Ekonomie ryk aan natuurlike hulpbronne: koper, kobalt, diamante en ander materiale wat op buitelandse beleggings gebaseer was.
- Hy het nasionalisering ingestel: Mobutu het die land se kopermynbedryf genasionaliseer en winste uit koperbedryf gebruik om sy 10-jaar industrialisasieplan te finansier (blyk pro–Kongolees op gesigwaarde)
- Genasionaliseerde maatskappye in buitelandse besit sonder vergoeding (blyk pro-Kongolees op sigwaarde)
- Buitelandse maatskappye wat onder beheer van sy bondgenote en familielede geplaas is – nie deur die Kongolese verwelkom nie
- Zaïrenasie bekendgestel (vervang buitelanders met Zaïrse burgers) (goeie leierskap – bemagtiging van plaaslike inwoners en keer paternalisme om)
- Zaïrenasie het tot korrupsie, nepotisme, diefstal en wanbestuur gelei – nie deur die Kongolese verwelkom nie.
- Die ekonomie was deur nepotisme en elitism gekenmerk (groot gaping geskep tussen die elite en gewone burgers / ryk en arm) (swak leierskap) wat nie deur die Kongolese verwelkom is nie
- Swak ekonomiese beleid het tot die afname in die toestande van infrastruktuur soos paaie, ens gelei – Kongolese negatief geraak, nie deur Kongolese verwelkom nie
- Mobutu het 'n kleptokrasie geskep – waarin 'n groep aangestelde staatsamptenare hul posisie vir finansiële gewin misbruik het (korrupsie – nie verwelkom deur die Kongolese)
- Mobutu is gedwing om Retrosessie (terugkeer van buitelandse eienaars) (ondoeltreffende Zaïrenasie) in te stel – mislukte beleid wat nie deur die Kongolese verwelkom word nie
- Baie min buitelandse eienaars het teruggekeer
- Kongo se ekonomie het ineengestort (swak ekonomiese beleide) – negatiewe impak op die Kongolese, nie verwelkom deur die Kongolese nie
- Kongo het afhanklik geword van buitelandse hulp en beleggings bv. van die Wêreldbank – bly onder die beheer van koloniale invloed, nie verwelkom deur die Kongolese nie

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



- Mobutu was 'lewenslange president' tot en met sy dood in 2007 – nie verwelkom deur die Kongolese nie
- Enige ander relevante antwoord

- Gevolgtrekking: Kandidate moet hul argumente met 'n relevante slot saamvat **[50]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 6: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik.]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet verduidelik tot watter mate die Swartmag-filosofie vertroue in Afro-Amerikaners ingeboesem het om diskriminasie in die Verenigde State van Amerika (VSA) vanaf 1960's tot 1970's uit te daag. Hulle moet hul argument met relevante historiese bewyse ondersteun.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoorde insluit:

Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem deur aan te dui tot watter mate die Swartmag-filosofie vertroue in Afro-Amerikaners ingeboesem het om diskriminasie in die Verenigde State van Amerika (VSA) vanaf 1960's tot 1970's uit te daag. Hulle moet ook 'n uiteensetting van hoe hulle hul argument sal ondersteun, gee.

**UITBREIDING**
- Omstandighede in die VSA (as agtergrond inligting)
  - Swart-Amerikaners is steeds ekonomies en polities onderdruk in die VSA as gevolg van diskriminerende (Jim Crow) wette
  - Gebrek aan 'n gevoel van trots as gevolg van sosio-ekonomiese omstandighede (woon in ghetto's en krotbuurte/swak behuising/ onvoldoende fasiliteite)
  - Swart-Amerikaners het ongeduldig geraak met die stadige pas van verandering en die impak van die Burgerregtebeweging in die 1960's
  - Swart-Amerikaners was aan polisiebrutaliteit onderwerp – het tot die groei van nasionalistiese gevoelens gelei
- Swartmag-filosofie wat vir selfgelding gepleit het; selfstandigheid; swart trots; beheer van politiek in hul eie gemeenskappe (voorgestaan deur Stokely Carmichael); swart Amerikaners om hulself teen polisiebrutaliteit te beskerm; Swartes om vryheid van Blanke gesag te soek; bevordering van Afro-haarstyl en Afrika-klere en het die slagspreuk 'Black is beautiful' geskep (het daarin geslaag om minderwaardigheidskompleks uit te skakel)
- In 1966 stig Bobby Searle en Huey Newton die Black Panther Party (BPP) vir selfverdediging – teen polisiebrutaliteit (het daarin geslaag om die Afro-Amerikaners aan te moedig om selfgeldend te wees en het selfvertroue ingestel)
- BBP se Tienpuntplan het selfvertroue in Swart Amerikaners ingeboesem, sosiale, politieke en ekonomiese doelwitte was geformuleer vir die opheffing van die swart Amerikaanse gemeenskap
- Die Black Panther Party het voedingskemas, kindersorg en geletterheids-projekte in die swart gemeenskappe bestuur – die voedingskemas het honger onder die jeug uitgeroei en leer in die skole verbeter (selfvertroue ingeboesem)
- Die BPP-geletterdheidsprojekte het ongeletterdheid onder die swart Amerikaanse gemeenskappe uitgeroei (selfvertroue ingeboesem)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



- Die BPP se kindersorgprojekte het na die mediese behoeftes van swart Amerikaners in swart gemeenskappe omgesien (selfvertroue ingeboesem)
- BPP-lede het die strate gepatrolleer om polisieaktiwiteite te monitor (polisieer die polisie) en hulself teen polisiebrutaliteit verdedig (selfvertroue ingeboesem)
- Die BPP het geëis dat Afr-Amerikaanse geskiedenis in swart skole onderrig moet word – selfaanvaarding en verwyder die minderwaardigheidskompleks (selfvertroue ingeboesem)
- Malcolm X het gewapende selfverdediging teen wit onderdrukking bevorder (selfvertroue ingeboesem)
- Hy het aangevoer/geredeneer dat bloedvergieting nodig is vir revolusie (swart nasionalisme) en hy het selfrespek en selfdissipline voorgestaan (selfvertroue ingeboesem)
- Bevorder die konsep van 'Black Pride' (selfbeeld/selfrespek/selfhulp) (selfvertroue ingeboesem)
- Moedig swart Amerikaners aan om op enige moontlike manier teen wit Amerikaanse gesag op te staan in die strewe na vryheid, geregtigheid en gelykheid (selfvertroue ingeboesem)
- Ondersteun die gebruik van geweld as 'n manier van selfverdediging teen diegene wat swart Amerikaners aangeval het
- Stokely Carmichael het geglo dat die nie-gewelddadige strategie misluk het as gevolg van geweld wat teen swart Amerikaners voortgeduur het
- Bepleit/verkondig die uitsluiting van wit 'liberale' as 'n filosofie vir swart Amerikaners
- Hy het die idee bevorder dat die VSA in aparte swart en wit gemeenskappe verdeel word
- Hy was gekant teen die VSA se deelname in die Viëtnam-oorlog
- Impak: die mees voor-die-handliggende vorme van diskriminasie was beëindig
- Rassegeweld en spanning het afgeneem
- Swart Amerikaners is tot openbare ampte verkies (selfvertroue ingeboesem)
- Behuising en fasiliteite van swart Amerikaners is verbeter (selfvertroue ingeboesem)
- Swart geletterheid en afhanklikheid op staatstoelae was beperk (selfvetroue ingeboesem)
- Regstellende aksie-beleide vir federale indiensneming was ingestel
- Enige ander relevante antwoord

- Gevolgtrekking: Kandidate moet hul argumente met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS
Proudly South African